**Woensdag 29 Maart**
**Skrifgedeelte: Efesiërs 1:1-23**
**Fokusgedeelte: Efesiërs 1:18-23**
**Jesus in die hemel … tot voordeel van sy kerk!**

Ons Here Jesus se hemelvaart is een van die mees unieke gebeure in sy lewe wat in die Woord beskryf word. Maar belangriker as die unieke aard daarvan, is die betekenis van sy hemelvaart vir die kerk en die koninkryk van God.

Jesus se hemelvaart het Hom weggeneem van die mense onder wie Hy gewoon en gewerk het, maar deur sy hemelvaart is Hy in 'n nuwe ereposisie geplaas. Waar Hy as mens onder die mense gewandel het, sit Hy nou as Koning aan die regterhand van God die Vader. En waar Hy tussen die mense geleef en gewerk het, leef en werk Hy nou deur sy Gees in die hart en gedagte van elke uitverkore kind van God.

En dáár in die harte en gedagtes van mense waar Christus se Gees kragtig werk, verander lewens vir altyd. Dáár waar sy wil gehoorsaam word, dáár breek die koninkryk van God op aarde deur. Dáár ervaar doodgewone mense reeds iets van die heerlikheid van God, die liefde en vreugde wat alle verstand te bowe gaan. En dáár beleef hulle die vrede en rustigheid in hulle gemoed, wat geld nie kan koop nie.

As hemelse Koning dra Jesus dus besondere sorg vir sy kerk. Hy is voortdurend besig met die herskeppingswerk in die lewens van sondige mense. Hy staan ons in ons swakheid by en Hy tree vir ons in en pleit vir ons op grond van sy geregtigheid voor God die Vader. En Hy maak 'n plek in die hemel gereed vir elkeen wat in Hom glo!

Jesus is die hemel in, nie om daar te gaan rus nie, maar om op te tree tot voordeel van sy kerk!

*Sing: Psalm 107-1:1,10*
*Ds. OJ Struwig (Ockie) (Frankfort)*